BURGER (Kaap), Saterdag Talent
17 Sep 2011, p.3

NOSA

Risikobestuur die sleutel tot 'n gesonder werkomgewing

Nosa (Nasionale Beroepsgesondheidsvereniging van Suid-Afrika) is een van die wêreld se vooraste verskaffers van beroepsrisikobestuursdienste en -produkte wat hom dit ten doen stel om kliënte se sakeprestasie te bevorder.

Nosa se sertifiserings-, konsultasie- en opleidingsdienste word ontwerp volgens kliënte se behoeftes en risikoprofiele en sluit in aspekte soos beroepsgesondheid, veiligheid, higiëne, omgewing, gehalte, gedrag, MIV/vigs, maatskaplike verantwoordelikheid en volhoubaarheid. Nosa se opleidingsprogramme bied die nodige kennis en vaardigheid om veiligheid, gesondheid en omgewingsrisiko's binne die werkplek te identifiseer en bestuur.

Nosa is 'n geakkrediteerde ISO9001-geregistreerde diensverskaffer. Kursusse word deur ervare, goed opgeleide en geakkrediteerde voltydse opleidingspersoneel by alle Nosa-kantore, of op werkpersele, aangebied.

Opleidingsprogramme is gegrond op moderne beroepsrisikobestuursbeginsels wat werknemers toerus met kennis en vaardighede om voorvalle in die werkplek te verminder, 'n gesonder werkplek te skep en omgewingsfaktore op 'n geïntegreerde manier te bestuur.

Me. Christa Pretorius, Wes-Kaapse streeksbestuurder van Nosa.

FOTO: NATALIE GABRIELS